# Juwele

Hoeveel is te veel?

Doug Batchelor

Kopiereg © 2005 deur
Doug Batchelor

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# Juwele

Hoeveel is te veel?

## deur Doug Batchelor


1. 'N BOEIENDE OKSIMORON ………………………………………
2. DIE VRUGTE, NIE DIE WORTEL NIE! …………………………
3. GOD SE AMBASSADEURS ………………………………………
4. OM ONS RYKDOM TE DRA ………………………………………
5. GEREGVERDIGDE JUWELE ………………………………………
6. WAAROM 'N STRUIKELBLOK WEES ? …………………………
7. BESKEIDENHEID EN NEDERIGHEID …………………………
8. SWAK "BELEGGINGS" ………………………………………………
9. KLEIN AFGODJIES ……………………………………………………
10. OM VIR DIE GELEENTHEID AAN TE TREK ………………
11. ONS IS GOD SE TEMPEL ………………………………………
12. EERSTE INDRUKKE MAAK 'N VERSKIL! ……………………
13. TROURINGE? ……………………………………………………………
14. CHRISTUS IS ONS VOORBEELD ……………………………
15. VERANDERING VAN EIENAARSKAP …………………………

EEN

## ‘N BOEIENDE OKSIMORON

Ek word geboei deur slim oksimorone. ‘n Oksimoron is ‘n stelling of samestelling van twee woorde met teenoorgestelde betekenis, soos “swart lig” of “lelik mooi.” ‘n Paar van my persoonlike humoristiese geliefkoosdes, is “militêre intelligensie,” “kriminele regverdigheid,” “beskaafde wanorde,” en “klop musiek” (die klop wat ek gehoor het, klink nie naastenby soos musiek nie). Sommige oksimorone is ernstiger soos “’n klein sondetjie,” “onskuldige geskinder,” en “veilige voorhuwelikse seks.”

‘n Paar jaar gelede terwyl ek deur ‘n Christelike boekwinkel gedwaal het, het ek op ‘n glasuitstalkas afgekom met ‘n teken bokant wat lees “Christelike Juwele.” Ek het by myself gedink, Hier is nou ‘n interessante oksimoron – iets soos “Christelike ruk-en-rol.” Hoe kan juwele Christelik wees wanneer die Bybel gelowiges ernstig vermaan om dit nie te dra nie? “Christelike juwele” is duidelik teenoorgestelde begrippe.

Ek besef dat hierdie onderwerp gedurende die afgelope jare ernstig gedebateer is, maar my doel is egter nie om olie op die vuur te gooi nie. Ek hoop om lig te werp, nie hitte nie. My begeerte is dat mense hulle geloof en optrede in die Woord van God sal vind. Die Skrifte spreek duidelik die onderwerp van ‘n Christen se uiterlike voorkoms en versiering aan. Ongelukkig swyg sommige kerke gerieflikheidshalwe oor hierdie onderwerp.

Juwele is deur sommige beskryf as ‘n onbenullige strydpunt. Ongetwyfeld dink iemand nou, Met al die probleme in die kerk, waarom wil u op iets so onbenullig en algemeen aanvaarbaar fokus? Wel, vriende, onthou dat Jesus gesê het, “Dit is julle wat julself regverdig voor die mense, maar God ken julle harte; want wat by die mens hoog geag word, is ‘n gruwel voor God.” (Lukas 16:15). Dikwels het die dinge wat bolangs onbenullig blyk,

ernstige implikasies.  En ek glo dat hierdie so ‘n strydpunt is.

Daar is ongesiene en subtiele gevare wat met die dra van juwele verband hou.  Indien u dus ‘n bekeerde Christen is wat daarna soek om te wil weet hoe om die Here in hierdie laaste dae beter te reflekteer, wees asseblief onbevooroordeeld terwyl ons saam die Skrifte ondersoek.

TWEE

**DIE VRUGTE, NIE DIE WORTEL NIE!**

Die krag van die evangelie begin van binne en verander die hart sonder dat dit deur menslike oë raakgesien word.  Dit vloei dan verder om elke area van die lewe te beïnvloed, wat opmerkbare uiterlike veranderings meebring.  Net soos ‘n plant, ontkiem die saad eers ondergronds.  Indien die wortel egter gesond is, sal die plant spoedig bokant die grond sigbaar word en vrugte dra.  Jesus het gesê, “So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.”  (Mattheus 7:20).

Let daarop dat Hy nie gesê het dat u hulle aan hul wortels sal ken wat onder die grond groei nie.  Hy het gesê die vrugte, nie die wortel nie!  Ons word dus beveel om bewus te wees van die uiterlike, sigbare bewyse van ons geloof.

Wanneer ‘n persoon Christus as Here aanvaar, begin die Heilige Gees daardie individu beïndruk om dramatiese aanpassings te maak.  Daar sal dikwels veranderings wees in wat op die tafel verskyn gedurende etenstyd en op die televisie na aandete.  (Hy sal sommiges selfs lei om ontslae te raak van die televisie.)  Van die boekrak tot die hangkas, sal Jesus die hele lewe binnedring.  Wanneer Hy in die hart is, sal Hy elke ander area beïnvloed.

Hierdie is ‘n basiese leerstelling van Christelikheid.  Die apostel Paulus het vir Titus gewaarsku teen diegene wat “bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke”  (Titus 1:16).

En Jakobus is glashelder dat 'n verhouding in Jesus gegrond uiterlike bewyse sal voortbring. "Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon." (Jakobus 2:18). U kan nie 'n Christen in u hart wees sonder uiterlike bewyse nie.

DRIE

## GOD SE AMBASSADEURS

Ons, die Kerk, is die hande en voete, die oë en mond, en ja, selfs die ore van Jesus in die wêreld vandag. Ons is die liggaam van Christus. Onse Here het gesê, "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." (Johannes 20:21).

Ons is in die wêreld ingestuur om te demonstreer wie en hoe Jesus is. Deur die Heilige Gees, word ons Sy verteenwoordigers – om Sy beeld in alles te weerkaats van die manier waarop ons praat en werk tot die manier wat ons eet en aantrek. In 2 Korinthiërs 3:18, sê God dat "ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."

'n Paar jaar gelede was verskeie welbekende televisie evangeliste in Noord-Amerika betrokke in skandale. Die opponente van Christelikheid het gejuig, ook gespot oor die immoraliteit en skynheiligheid uitgebeeld in die lewens van hierdie mans en hulle vroue, wat bely het dat hulle namens Jesus praat. Gedurende hierdie tragiese periode het die sekulêre media dikwels verwys na hulle swierige kleredrag en spoggerige juwele as bewys dat hierdie belydende Christene nie opreg was nie. Hierdie veranderlike TV predikers het selfs een beroemde musikant geïnspireer om 'n gewilde liedjie te skryf, getiteld "Would Jesus Wear a Rolex?" Ek is seker dat engele geween het toe Christen leiers, as gevolg van hulle onbetaamlike voorkoms, 'n verdienstelike teiken vir die verlorenes geword het. Dit is

inderdaad ‘n hartseer dag wanneer Christene die medalje wen vir weelderige uiterlike versiering!

VIER

## OM ONS RYKDOM TE DRA

Kom ons kyk na die oorsprong van juwele. God het al die goud, silwer, en kosbare juwele in die wêreld geskep, en Sy bedoeling was dat dit ‘n praktiese gebruik moes hê. Aangesien selfs klein hoeveelhede van hierdie minerale so skaars en waardevol is, was daar lank gelede reeds begin om dit as geld te gebruik.

Later aan het mense begin om hulle geld te dra om andere met hulle rykdom te beïndruk. Wanneer kopers na die mark gegaan het om ‘n duur item te koop, het hulle eenvoudig een van hulle ringe of armbande afgehaal om te betaal.

Nadat Rebekka die kamele van Abraham se dienskneg water gegee het, sê die Bybel dat hy haar op hierdie wyse betaal het. “En toe die kamele genoeg gedrink het, neem die man ‘n goue ring, ‘n halfsikkel in gewig, en twee armbande vir haar hande, tien *sikkels* goud in gewig.” (Genesis 24:22).

Toe die kinders van Israel ‘n offer na die Here gebring het om die tabernakel mee te bou, het hulle die juwele gebruik wat hulle van die Egiptenare ontvang het. Dit was hulle geld. “Die manne het met die vroue gekom, elkeen wat gewillig van hart was; hulle het gespes en ringe en vingerringe en halssierade, allerhande goue goed gebring. En elkeen wat ‘n offer van goud aan die Here gewy het.” (Exodus 35:22).

Daar is vanselfsprekend niks verkeerd daarmee om geld te hê nie. Die vraag is egter, wil God hê dat Christene hulle rykdom moet dra sodat almal dit kan sien? Beslis nie. “Want die geldgierigheid is ‘n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof” (1 Timotheus 6:10).

Aangesien dit ‘n sonde is om te begeer, waarom wil u ‘n broeder of suster in die versoeking stel om u geld te begeer deur dit te dra sodat almal dit kan sien? Wat kan moontlik die motief wees vir ‘n Christen om dit te doen?

Die rede waarom goud en juwele so waardevol is, is omdat dit so skaars en duur is om te ontgin. Engele moet verbaas wees wanneer hulle sien dat ons juwele dra om ons waarde en rykdom aan te dui. In die hemel word goud vir plaveisel gebruik, en diamante is die stene waarmee die mure van die huise gebou word! Dink net daaraan. Uit ‘n hemelse oogpunt, is goud teer en diamante boustene! Hoe verspot moet dit vir die hemelse wesens wees wanneer ons teer en stene aan ons ore hang en dit om ons vingers draai. Sou u nie tweekeer kyk indien iemand volgende week in u kerk sou instap met ‘n swart teerhangertjie en ‘n bypassende teerring nie?

In evangelisasie het ek baie opregte mense ontmoet wat die gewilde kerke in hulle dorpe bygewoon het, slegs om teleurgesteld om te draai omdat hulle ‘n gees van trots en vertoon onder die lidmate ervaar het. Hierdie opregte soekers na God het die heiligdom binnegegaan met die hoop om ‘n kerktuiste te vind, maar in plaas daarvan het hulle oordadigheid gevind waarmee hulle nie kon kompeteer nie.

Hoe bly was ek nie dat ek vir hulle ‘n kerk kon aanbied waar die rykes en die armes verkies om nie hulle status te vertoon deur sierlike klere en juwele te dra nie. Hierdie individue was dankbaar om te aanbid waar hulle nie gevoel het dat daar op hulle neergesien word indien hulle nie die nuutste modes gedra het nie. Ek hoop dat my kerk altyd by die Bybelse waarheid oor hierdie onderwerp sal bly. Ons het te veel om andersins te verloor.

VYF

## GEREGVERDIGDE JUWELE?

Diegene wat die dra van juwele wil regverdig, verwys gewoonlik na Bybelverhale waarin God se kinders goud, silwer of juwele gedra het. Byvoorbeeld, die Skrifte sê sonder enige kommentaar dat Josef 'n ring en "'n goue ketting om sy nek" gedra het (Genesis 41:42), dat Saul 'n armband gedra het (2 Samuel 1:10), dat Ahasvéros vir Mórdegai 'n ring gegee het (Ester 8:2), en dat Koning Bélsasar vir Daniël 'n pers kleed gegee het en "'n goue ketting om sy hals" geplaas het (Daniël 5:29).

Onthou, omdat ons lees dat iets in die Bybelse tyd gedoen was, dit nie beteken dat God dit oorsien nie. Die Skrifte gee slegs 'n getroue verslag van die geskiedenis van God se volk – insluitende al hulle gebreke. Noag het wyn gedrink en dronk geword (Genesis 9:20,21). Lot het gemeenskap met sy dogters gehad en hulle swanger gemaak (Genesis 19:30-38). Juda het vir 'n nag 'n prostituut gehuur, haar swanger gemaak, en later ontdek dat dit sy skoondogter was (Genesis 38:12-26). Ons kan nie aanneem dat God sulke onsmaaklike praktyke oorsien net omdat hierdie insidente in die Bybel genoem was nie. Ander Skrifgedeeltes sê duidelik vir ons dat God alkohol, bloedskande, prostitusie, en juwele veroordeel as teenproduktief om Sy doelstellings vir die mensdom te volbring.

Een verhaal wat dikwels aangehaal word om juwele te regverdig, is die van die verlore seun. Aangesien die vader "'n ring aan sy vinger gesit het," kan ons volgens sommige aanneem dat God wil hê dat ons juwele moet dra. Soos wat ons sopas gesien het, is hierdie gelykenis geensins 'n geïnspireerde kommentaar oor of Christene ringe moet dra of nie. Verder was die ring wat die vader vir sy seun gegee het, heelwaarskynlik 'n seëlring. Seëlringe het die familiewapen opgehad. Mense het dit gebruik om hierdie unieke wapen op amptelike dokumente af te druk. Dit was die familie se handtekening. Eerder as 'n ornament om te vertoon, was seëlringe 'n middel om dokumente te wettig

en was gewoonlik aan die wysvinger gedra.

Voordat die verlore seun die huis verlaat het, het hy sy vader vir sy deel van die erfenis gevra. Toe hy sy geld en goedere ontvang het, het hy die huis verlaat en dit alles op ‘n “losbandige lewe” uitgegee (Lukas 15:13). Sonder geld en verlate, het die dwase verlore seun later besef hy is platsak, honger en in vodde geklee. Wanhopig het hy teruggekeer huistoe, hopende op die goedheid van sy vader om hom ten minste as ‘n dienskneg terug te neem. Die verlore seun het gevoel dat hy nie langer verdien het om ‘n seun te wees nie, omdat hy die helfte van sy vader se hardverdiende spaargeld uitgemors het.

In plaas van verwerping, het sy vader vir hom onbeperkte aanvaarding betoon. Hy het die verlore seun se vodde met ‘n gemaklike en skoon kleed vervang en skoene aan sy kaal voete getrek. Hy het sy seun se leë maag met ‘n feesmaal gevul. En aan die seun wat sopas sy rykdom uitgemors het, het hierdie vader die seëlring – die gesin se tjekboek – gegee met onbeperkte toegang tot sy oorblywende fortuin.

SES

## WAAROM ‘N STRUIKELBLOK WEES?

Een rede waarom ek nie alkohol gebruik nie is omdat een uit elke sewe persone wat drink uiteindelik ‘n alkoholis word. Selfs al sou ek matig kon drink, wil ek nie deur ‘n slegte voorbeeld te stel ‘n struikelblok vir iemand anders wees nie – veral oor iets so onnodig soos bedwelmende drankies.

Dieselfde beginsel geld vir juwele. Ons het almal mense gesien wat hulle bedek met goud en kosbare juwele – edelsteen-alkoholiste, as ‘n mens dit so wil noem. Die meeste mense wat juwele oordadig dra, het ‘n swak selfbeeld. Hulle hoop om meer waardevol te voel deur hulleself met duur artikels te bedek. Andere glo dat hulle onaantreklik is en hoop om hulle sigbare

skoonheid te verhoog deur hulleself met pragtige edelgesteentes te tooi.  Hulle kan hulself nie beheer nie.  Hulle dink dat indien een goed is, tien beter sal wees.  (So terloops, ek het nog nooit gehoor dat ‘n man sê: “Is sy nie pragtig nie?  Kyk net na haar juwele!”)  Ek is baie seker dat almal sal saamstem dat daar ‘n stadium is wanneer genoeg, genoeg is!

Wel, hier is die groot vraag.  Wat is daardie stadium?  Indien dit in orde is vir vrouens om oorbelle te dra, wie sê dan dat dit verkeerd is vir mans om dit te doen?  Indien een ring of oorbel aanvaarbaar is, waarom nie drie of vier nie?  Indien die lidmate juwele kan dra, waarom nie die predikant nie?  Indien ‘n ring in die oor aanvaarbaar is, wat is dan verkeerd met ‘n been in die neus?

Miskien het u al die moderne neiging van die steek van gate in die liggaam opgelet.  Vier oorbelle in een oor en ringe in die neus met ‘n ketting tussen hulle.  Mense steek nou gate in hulle liggame en dra ringe in hulle wenkbroue, naeltjies, tonge, en ander plekke wat ek nie in ‘n Christelike publikasie kan noem nie. Waarom sou ‘n Christen ‘n struikelblok vir iemand anders wil wees deur hierdie neiging aan te moedig om enigsins juwele te dra?  Dit is heeltemal onnodig.  Veral vir mense wat gereed maak om Jesus te ontmoet.

Toe hy gepraat het van mense wat in die laaste dae sal lewe, het die profeet Esegiël gewaarsku, “Hulle silwer sal hulle op die strate gooi, en hulle goud sal ‘n voorwerp van afsku wees; hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die Here nie; hul siel sal hulle *daarmee* nie versadig of hulle ingewande *daarmee* vul nie, want dit was die struikelblok tot hulle ongeregtigheid.”  (Esegiël 7:19).

Indien ek enige juwele sou dra, sou ek onmiddellik die sluise van teenstrydigheid open deur my voorbeeld en veroorsaak dat baie struikel.  Indien ek my broeder werklik liefhet, waarom sou ek

daarop aandring om so ‘n risiko te neem vir iets so beuselagtig en onnodig soos juwele?

Indien u enigsins onseker is oor watter rigting u moet inslaan oor ‘n geestelike strydpunt, kies die veilige posisie. Ek weet dat op die oordeelsdag God niemand sal veroordeel omdat hulle nie genoeg juwele gedra het nie. Dus is die veilige weg om nie juwele te dra nie.

SEWE

**BESKEIDENHEID EN NEDERIGHEID**

Die oorspronklike doel vir die dra van klere was om die naaktheid van ons eerste ouers te bedek. Adam en Eva sou nooit daarvan gedroom het om goud of silwer aan hulle liggame te hang om hulle vyeblare te beklemtoon nie! Klere was vir beskeidenheid en om hulle teen die veranderende klimaat te beskerm. Eendag gaan God ‘n goue kroon van oorwinning op die hoof van die oorwinnaars plaas. Selfs dan sal die verlostes hulle goue krone in God se teenwoordigheid afhaal (Openbaring 4:10,11).

God het die volgende aan die profeet Jesaja gesê oor juwele en sierlike klere. “Verder het die Here gesê: Omdat die dogters van Sion trots is en loop met uitgerekte nek en met die oë lok, wegstap met trippelgang … In dié dag sal die Here wegneem die sieraad van die voetringe en die sonnetjies en die maantjies; die oorversiersels en die armbande en die sluiers; die hoofversiersels en die voetkettinkies en die pronkgordels en die reukflessies en die towermiddels; die vingerringe en die neusringe; die feesklere en die manteltjies en die tjalies en die handsakkies; die handspieëltjies en die hemde en die tulbande en die wye mantels.” (Jesaja 3:16-23). ‘n Vrou in Bybelse profesie simboliseer ‘n kerk. In hierdie profesie sou die vrouens (kerke) swaar geoordeel word oor hulle trots, wat direk verbind is met

uiterlike versiering.

Omdat ons worstel met sonde en versoeking is dit nou nie die regte tyd om ons uiterlike te verheerlik nie. Die hoofdoel van die Christen is om die aandag op Christus te vestig, nie op self nie. Om ons sterflike liggame met glinsterende edelstene en minerale te versier, ontstaan gewoonlik uit trots en is lynreg teen die gees en beginsels van Jesus. “Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.” (Mattheus 23:12).

Trots op sy voorkoms was ‘n belangrike faktor in Lucifer se val en rebellie. Toe God Lucifer oorspronklik as ‘n volmaakte engel geskape het, het Hy hom elke kosbare steen as kleredrag gegee – “karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud …” (Esegiël 28:13).

Ongelukkig het Lucifer gekies om God se geskenke te misbruik. Gevul met trots, het hy besluit dat hy mooi genoeg was om God se plek op die troon van die heelal in te neem. “Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans.” (Esegiël 28:17). Trots het tot rebellie gelei. Rebellie het tot oorlog in die hemel gelei. En oorlog in die hemel het tot sonde op die aarde gelei.

Sedert Adam en Eva se sondeval, moet ons stry met dieselfde sondige geaardheid wat trots as oorsprong het. God het ons daarom beveel om nie juwele te dra nie. In ons sondige toestand kan ons geensins die neiging tot sondige trots beter weerstaan as wat Lucifer dit kon doen nie. Wanneer ons fisiese liggame by die wederkoms van Jesus verander gaan word, sal ons nie meer deur sonde versoek word nie. Slegs eers dan sal Jesus dit veilig ag om ‘n kroon van goud op ons hoofde te plaas.

Tot dan sou dit dus tot ons voordeel wees om die raad te volg wat deur die apostel Paulus gegee is oor die onderwerp van versiering: “So moet ook die vroue hulle versier met behoorlike

kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie, maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke.” (1 Timotheus 2:9,10).

AGT

## SWAK “BELEGGINGS”

Christene moet getroue rentmeesters wees van die middele wat God aan hulle sorg toevertrou het. Sommige vertoon edelgesteentes aan hulle liggame wat, indien dit verkoop sou word, ‘n volledige kerk in die sendingveld kan bou. Ons geld behoort bestee te word om die evangelie op ‘n praktiese, effektiewe manier te versprei. Die Here vra, “Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie” (Jesaja 55:2)? (Vergelyk ook Mattheus 6:19-21).

Sonder twyfel sal u skreiende voorbeelde onder kerklidmate (en in kerke) vind waar geld op onnodige uitspattighede verkwis is. Ek erken dat ek ook skuldig was hieraan. Een teenstrydigheid regverdig egter nie ‘n ander nie. God se geld moet nie spandeer word om diamante en goud en selfs goedkoop juwele te vertoon nie. Al die juwele sal smelt wanneer Jesus kom en ek sou verkies om nie enige juwele te dra wanneer dit gebeur nie!

Die Bybel noem die dwaasheid van sulke “beleggings” in Jakobus 5:3: “Julle goud en silwer is verroes, hulle roes sal tot ‘n getuienis teen julle wees en sal soos ‘n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae.” Die enigste kosbaarhede wat hemel toe sal gaan, sal hervormde mense wees.

NEGE

## KLEIN AFGODJIES

Wanneer ek die Bybelse waarheid oor juwele aanbied, hoor

ek selde klagtes van nuwe bekeerlinge. Diegene wat egter al jare lank kerklidmate is, sal dikwels met suur gesigte argumenteer, “Doug, dit is so ‘n ou klein dingetjie!” My reaksie is, “As dit dan so ‘n klein dingetjie is, waarom is dit vir jou so moeilik om dit af te haal?” ‘n Bietjie goud of silwer kan ‘n reuse afgod word.

Miskien is die treffendste voorbeeld hiervan die ondervinding van die Israeliete met die goue kalf. Die Bybel sê: “En Aäron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my. Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aäron gebring. En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk en daar ‘n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.” (Exodus 32:2-4).

Toe die Israeliete die offergawehouer omgestuur het, was daar genoeg juwele om ‘n klein kalf te maak. Ek is bevrees dat indien ons die houer vandag moet omstuur in die kerke van diegene wat bely om God se Woord te volg, sal daar voldoende juwele wees om ‘n hele goue buffel te maak!

Na die goue kalf ondervinding, het God die mense beveel om hulle juwele te verwyder sodat hulle nie vernietig sou word nie. “Die Here het naamlik met Moses gespreek: Sê aan die kinders van Israel: Julle is ‘n hardnekkige volk; as Ek vir een oomblik in jou midde sou optrek, sou Ek jou vernietig. Maar haal nou jou versiersels van jou af, dan sal Ek weet wat Ek met jou moet doen. Toe het die kinders van Israel hulleself beroof van hul versiersels, van die berg Horeb af.” (Exodus 33:5,6).

Let op die soortgelyke waarskuwing wat God aan Sy volk gee wat in die laaste dae lewe: “In dié dag sal die mens sy silwerafgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse

vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik." (Jesaja 2:20,21).

TIEN

**OM VIR DIE GELEENTHEID AAN TE TREK**

Daar was 'n tyd toe God gemaak het of Hy nie die dra van juwele en ander booshede soos slawerny en poligamie raakgesien het nie. Dit was nie omdat Hy hierdie praktyke goedgekeur het nie, maar omdat Sy volk op daardie tydstip groter probleme gehad het om te hanteer.

Handelinge 17:30,31 sê vir ons: "God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het *hiervan* aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek."

Ons leef in die dae net voor die wederkoms van Jesus – 'n tyd waarin die kerk geoordeel word. "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God." (1 Petrus 4:17).

As 'n illustrasie van die proses van oordeel het God vir Sy volk die Versoeningsdag gegee. Dit het op die tiende dag van die sewende maand in die Joodse jaar geval en was 'n gewyde dag waarop die Here die kinders van Israel sou heilig en oordeel. Ter voorbereiding het die mense 'n deeglike persoonlike ondersoek gedoen. Hulle was gevul met 'n houding van belydenis, bekering, en nederigheid. "… want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die Here julle God. Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word." (Levitikus 23:28,29).

Op die Versoendag het die Hoëpriester – wat normaalweg 'n borsstuk met juwele versier en fyn klere gedra het wat 'n simbool

van die heerlikhede van die hemel was – ‘n eenvoudige, wit linnekleed aangetrek. Ons moet sy eenvoudige kleredrag navolg, omdat ons in die profetiese Versoendag leef. Net soos wat die hele kamp van Israel hulle klere op die Oordeelsdag moes was en skoon aantrek, so word daar van ons wat in die oordeelsuur leef net voordat Jesus na die aarde terugkeer, verwag om ons harte te reinig en om onsself van alle heidense invloede te vervreem.

Ander Bybelverhale illustreer ook hoe mense hulle kleredrag verander het wanneer hulle gereed gemaak het om God te ontmoet. Hier is een uit Genesis 35:1-4: “Daarna het God vir Jakob gesê: Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar; en bou daar ‘n altaar vir God wat aan jou verskyn het toe jy op die vlug was vir jou broer Esau. Toe sê Jakob aan sy huisgesin en aan almal wat by hom was: Verwyder die vreemde gode wat onder julle is, en reinig julle en trek ander klere aan; en laat ons klaarmaak en optrek na Bet-el; en ek sal daar ‘n altaar bou vir die God wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die weg wat ek gegaan het. Toe gee hulle aan Jakob al die vreemde gode wat in hulle besit was, en die ringe aan hulle ore, en Jakob het dit begrawe onder die terpentynboom wat by Sigem is.”

Ons kan twee baie belangrike lesse uit hierdie verhaal leer. Eerstens, let op dat die vreemde gode en juwele saam geklassifiseer en begrawe is. Heidense aanbidding en juwele het nog altyd ‘n noue verwantskap geniet. En vir Jakob en sy huishouding om met God te kommunikeer, moes hulle alle sodanige invloede verwyder. God het daarom vir Jakob beveel om hierdie artikels nie slegs tydelik te verwyder nie, maar om dit permanent te begrawe.

Tweedens, die woord Bet-el beteken “Huis van God.” Ons leef nou in die tyd van die oordeel en is besig om gereed te maak om die Almagtige in Sy hemelse huis te ontmoet. Nou is nie die

tyd om ons sterflike uiterlike te versier nie.  Voordat ons hemel toe gaan, wil God hê dat ons onsself moet afskei van die dinge van hierdie wêreld wat ons verhouding met Hom in gevaar sal stel. “Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.”  (2 Korinthiërs 6:17).

ELF

**ONS IS GOD SE TEMPEL**

Die pragtigste gebou in die antieke tyd was die tempel van God wat deur Salomo gebou is.  Die buitekant was met kosbare, spierwit marmerstene bedek.  Heel interessant, die goud was aan die binnekant van die tempel.  Die Bybel sê dat hierdie ook ‘n goeie patroon is vir lewende tempels.   “Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike *versiering* van ‘n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.”  (1 Petrus 3:3,4).  Net soos Salomo se tempel van ouds, moet ons goud aan die binnekant wees!

Vriend, God het u liggaam na Sy beeld geskape.  Om te probeer om die menslike voorkoms te verbeter deur gate in die ore en neus te maak waaraan lewelose minerale hang, sou wees soos om te probeer om die perfekte skoonheid van Salomo se tempel te verbeter deur ‘n groep straatboewe in die marmer binnehof vry te laat en vir hulle te sê om die geboue met spuitverf te versier.  “Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?  Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.”  (2 Korinthiërs 6:16).

Ek glo dat engele hulle gesigte wegdraai en ween wanneer belydende Christene hulle liggame vol gate steek, skend, met

kettings behang, beskadig, en tatoeër as ‘n offer aan die gode van gier en mode.  God sê duidelik van Sy volk: “Hulle mag … in hulle vlees geen insnyding maak nie.  Heilig moet hulle aan God wees”  (Levitikus 21:5,6).  En indien God sê dat ons nie aan ons liggame moet sny nie, wat laat ons dink dat om gate in die ore te steek enigsins toelaatbaar is?

“Weet julle nie dat julle ‘n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?  As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend;  want die tempel van God is heilig, en dit is julle.” (2 Korinthiërs 3:16,17).  Vanselfsprekend moet u nie gate in kosbare marmer steek nie.  Ons liggame moet heilig wees, nie vol gate nie.

Die Bybelse beginsels teen die dra van juwele is ‘n seën vir God se saak.  Dit maak die lidmate vry.  God se volk het meer geld beskikbaar om te gebruik om die evangelie te versprei en om in die behoeftes van die lydendes te voorsien.  Hulle is bevry van gevoelens van onsekerheid.  Mans hoef hulself nie meer te bekommer of die ring wat hulle aan hulle vrou of vriendin gee, groot genoeg is of sosiaal aanvaarbaar is nie.  En vrouens hoef nie ‘n gram emosionele energie te vermors deur hulle juwele met andere te vergelyk nie.  God se standaard was nog altyd ‘n ontsaglike seën, en ons moet dit so hou!

TWAALF

## EERSTE INDRUKKE MAAK ‘N VERSKIL!

In Openbaring hoofstukke12 en 17 verskyn twee simboliese vroue.  Hulle verteenwoordig die twee groot godsdienstige magte wat dwarsdeur die kerk se geskiedenis in stryd met mekaar is.  Al praat nie een van hulle ooit nie, weet ons dat die een die ware en die ander die valse is.  Hoe weet ons dit?  Die vernaamste manier waarop die Bybel hulle identifiseer, is deur wat hulle dra.

Openbaring 12:1 sê, “En ‘n groot teken het in die hemel verskyn; ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre.” Die eerste vrou, wat God se kerk voorstel, dra natuurlike lig. Sy kerk is beklee met die rein, onbesoedelde lig wat Hy gemaak het.

In teenstelling, is die tweede vrou wat ‘n afvallige kerk voorstel, beklee met juwele en kosbare klere. Haar skoonheid is uiterlik en nagemaak. Openbaring 17:4 sê, “En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery.”

Vanselfsprekend word hierdie dinge geassosieer met ‘n voorkoms van boosheid, en ons word beveel “Onthou julle van elke vorm van kwaad.” (1 Thessalonicense 5:22).

Jesus Self het beveel: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.” (Mattheus 5:16). God se Woord sê vir ons om ons innerlike lig (nie ons uiterlike juwele nie) te laat skyn sodat andere ons werke kan sien (nie ons rykdom nie) en God kan verheerlik (nie onsself nie).

DERTIEN

**TROURINGE?**

Op hierdie tydstip kan iemand dalk wonder, “Wat van ‘n trouring?”

Baie eenvoudig, ondersteuning vir die trouring kan nêrens in die Skrifte gevind word nie. Die Bybel sê nie dat sommige ringe gedra kan word en andere nie. Dit sluit ringe in ‘n lang lys van juwele en sierlike klere in.

Die dra van trouringe is ‘n tradisie wat uit die heidendom spruit en wat sedertdien deur baie kerke aanvaar en “gedoop” is. Kardinaal John Henry Newman wys daarop dat die trouring, saam

met baie ander heidense gewoontes, die Christendom ingesypel het deur die toegewende invloed van sy kerk. “Die gebruik van tempels, en die wat tot spesifieke heiliges toegewy is, en by geleenthede versier met boomtakke; wierook, lampe, kerse; dankoffers vir herstel van siektes; heilige water; toevlugsoorde; heilige dae en seisoene, gebruik van kalenders, optogte, seëninge op die lande; priestergewade, die kaalskeer van die kop, *die trouring*, draai na die ooste, beelde op ‘n latere stadium … *is alles van heidense oorsprong,* en is geheilig deur die aanvaarding daarvan deur die Kerk.” [1]

Ons vind natuurlik vandag dat die trouring ‘n diepgesetelde tradisie is. Indien opregte soekers na God se wil egter hierdie onderwerp ernstig sal ondersoek en oortuig word om alle juwele te verwyder, sal God vir hulle die genade gee om Hom bo tradisie te volg. “En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.” (Markus 7:9).

VEERTIEN

## CHRISTUS IS ONS VOORBEELD

Ek word dikwels gevra of die dra van ‘n kruis in orde sal wees. Wel, Jesus het ons nooit gevra om die kruis aan te trek nie. Hy het ons gevra om die kruis te dra. Om die kruis op te neem en Jesus te volg, is baie meer uitdagend as om ‘n bufferplakker, T-hemp, of klein goue kruis as beuselagtige advertensie te dra. Jesus het gesê dat om die kruis te dra, beteken dat ‘n Christen “moet homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.” (Lukas 9:23).

Wanneer u twyfel, vra hierdie vraag: “Wat sal Jesus doen?” Indien ons Jesus volg, sal ons altyd veilig wees. Persoonlik kan ek myself nie voorstel dat my Jesus gate in Sy ore, neus of op enige ander plek sou steek om skitterende minerale aan te hang

nie. Die voorbeeld van Jesus in die Skrifte is deurgaans een van praktiese eenvoud en nederigheid. Toe Hy gekruisig is, het die Romeinse soldate sy klere onder hulleself verdeel. Let daarop dat hulle nie lootjies getrek het vir Sy juwele nie. Hy het nie juwele gehad nie. In plaas daarvan, moes hulle tevrede wees met Sy kosbaarste kledingstuk – ‘n eenvoudige, naatlose kleed (Johannes 19:23,24).

Hier is ‘n boodskap wat deurentyd herhaal moet word: Wanneer ons Jesus liefhet, sal ons Sy voorbeeld wil volg. “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.” (1 Johannes 2:6).

VYFTIEN

## VERANDERING VAN EIENAARSKAP

In die klein dorpie waar ek gewoon het, was daar ‘n huis wat bekend was vir sy vervalle toestand. Vragmotor wrakke, vullis en ‘n verskeidenheid rommel het die erf gevul. Die verf wat afdop, gebreekte vensters, en honger honde in die erf was ‘n verleentheid vir die hele gemeenskap. Toe eendag, nadat ek ‘n lang reis onderneem het, het ek teruggery deur die dorp en was verstom deur die dramatiese verandering wat hierdie berugte struktuur ondergaan het. Die ou, afdoppende verf was afgekrap en ‘n pragtige natuurlike vernis het nou die hout bedek. Skoon, nuwe vensters het die gebreektes vervang, en al die rommel en ou voertuie was weg! Die erf was skoon en bedek met nuwe gras. Ek het nie eers nodig gehad om te vra wat die verandering teweeggebring het nie. Ek het onmiddellik geweet dat die huis ‘n nuwe eienaar gehad het.

Almal van ons kan op een of ander tyd met daardie ou, verwaarloosde huis vergelyk word. Sonde het in ons harte regeer en ons gebroke, vuil en besoedel gelaat. Wanneer ‘n persoon egter toelaat dat Jesus die hart oorneem, begin daar onmiddellik

‘n skoonmaakproses. Jesus sal daardie dinge verwyder wat afbreek doen aan die Christen se innerlike skoonheid en mense sal die uiterlike verbetering ook raaksien!

Jesus het Sy hemelse troon en kroon opsy gesit toe Hy na ons wêreld gekom het om ons te kom red. Toe het Hy Sy aardse klere prys gegee toe Hy op die kruis vir ons sondes gesterf het. Is dit te veel van Hom gevra dat ons moet afstand doen van ons lewelose tierlantyntjies en krale sodat ons Sy eenvoudige reinheid beter in hierdie verloregaande wêreld kan weerkaats?

Soos wat ons in hierdie studie gesien het, is daar baie goeie redes waarom Christene hulleself daarvan moet weerhou om juwele te dra. Indien ek egter twee uitstaandes moes kies, sou dit hierdie wees – liefde vir God en liefde vir ons naaste.

“Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.” (Romeine 12:1,2).

[1] John Henry Newman, *An Essay on the Development of Christian Doctrine* (London: Longmans, Green & Company, 1906), bl. 372,373.